| 6 – 7 | Good | Candidate refers to reconciliation and justice as themes in the play. He/She discusses how these themes are reflected by Thando, Mandisa and Sipho using a few examples from the play. The candidate demonstrates an understanding of the tension that exists between amnesty and justice, but does not always motivate statements made. |
| 3 – 5 | Average | Candidate explains reconciliation and power at a basic level and connects to some of the characters (e.g. that Sipho is sceptical about the TRC), but does not elaborate on this fact. |
| 0 – 2 | Weak | Candidate tends to make generalised statements about the plot of the play with simple reference to the themes. |

Die volgende is voorbeelde van inhoud waaraan kandidate kon blootgestel gewees het:

**Reconciliation:**

The theme of reconciliation is developed through Thando's dialogue and action in particular, but also through the perspectives on the TRC of the other characters in the play. Confronting, identifying and acknowledging past trauma, rather than repressing it, is seen as central to the process of healing and reconciliation.

It is only when Sipho finally shares his full sense of betrayal by his brother Themba, that he can reach a point of forgiveness and reconciliation with his own past, on a personal level. Thando supports the concept of reconciliation, while the politically naïve Mandisa objects to it and is of the opinion that the perpetrators of apartheid crimes are duly punished. Thando believes that reconciliation (through the TRC) provides a bridge between the past of a divided society and a future founded on the recognition of human rights, democracy and justice.

After Mandela's release in 1990 and the unbanning of the ANC there was no incentive for perpetrators to tell the truth and the courts would have decided between the word of one victim against the evidence of many perpetrators.

Thando argues against this approach, which she clearly associates with the desire for "revenge" – according to her it implies that the Liberation Parties would then align themselves with the oppressors, as a total disregard for human rights. The idea was not to be obsessed with the past, but to take care that the past is properly dealt with for the sake of the future. Understanding what is being proposed here is central to the action of the play: Sipho's experience of personal betrayal – his diminished sense of self-worth, his dignity, is shared and "confirmed as real". This is done by sharing the family story with the two girls. It "takes care of the past" and establishes the foundations for the future of the family.

**Justice**

Amnesty was granted to those who made a full disclosure of all relevant facts and violations perpetrated against the victims. Amnesty is defined as "a general pardon", it wipes the slate clean. This is introduced with Sipho's recognition of his right to assert his personal needs as "payback time". Restitution (compensation) is at the heart of what he wants: he wants to reclaim what has been taken from him, from his blazer to justice for his son's death.Sipho wants justice for Luvuyo. He wants the perpetrators brought to book/justice.

Two tensions exist between amnesty and justice. While the Constitution expressed strong opposition to acts of revenge, it is necessary to acknowledge that the desire for revenge is an understandable human response. Suppressed anger undermines reconciliation. But the tendency to say that justice is equal to revenge should be challenged and the concept of restorative (healing) justice is considered as an alternative to this revenge. This means amnesty in return for public and full disclosure suggests a restorative understanding of justice that focuses on the healing of victims and perpetrators as well as communal restoration.

Amnesty as an official act of pardon can all too easily be misinterpreted as ignoring responsibility and accountability. Some victims felt that by refusing to punish those responsible and allowing perpetrators to walk free, constitutes a failure to respect their suffering.

This last contradiction points to scepticism on Sipho's part – he feels that the perpetrators might "disclose all", but in a way that serves their own particular interests: a version of the truth, rather than the real facts of the matter.
Thando is clearly more convinced of the merits of the process, equating disclosure with truth. The two different points of view can be contrasted with what emerges at the beginning of Act II, where Thando argues the case for the Commission and its terms. She does not succeed in persuading Mandisa, who has been profoundly affected by the impact of the hearings, despite her earlier claims to be a "tough cookie". Mandisa's response to the hearing is one of outrage, because she cannot make sense of the contradiction, or the central irony of the Commission – as people give more and more evidence of the things they have done, they get closer and closer to amnesty and it became more and more intolerable that they should be given amnesty. (10)

**[30]**

## VRAAG 8: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE

***Hierdie memo is nie in Afrikaans vertaal nie, aangesien die drama slegs in Engels beskikbaar is.***

The suggested answers are examples. The candidates may give other appropriate responses.

8.1 Social commentary about living conditions in post-apartheid South Africa. The fate of the White South African Male (WSAM) (2)

8.2 The fact that he believes he paid for being White. He believes he is an honourable man. He is convinced he has never knowingly deprived anyone.
He says he served his community and the people he worked for with grace. He maintains he dealt fairly with those under him (3)

8.3 He is a frustrated person. He is bitter inside.He is riddled by guilt best known to him. He feels his past contributions are overlooked by the present status quo. He cannot understand why his past contributions are not taken into consideration. He considers his past efforts are not taken seriously. (3)

8.4 Thami is the peacemaker between Johan and Smith. Other candidates might find Thami giving Smith enough ground to speak his mind , thus putting himself into trouble. Thami has a stronger character than Johan. Johan comes across as impatient. Other candidates might find him shielding Smith from wallowing and opening himself up to self-pity. Johan cuts Smith ‘down to size'. Smith has a negative image of himself. Smith wallows in self-pity. Thami is less engaged with Smith than Johan. He is not interested in Smith, roving himself to have paid for his 'white' crimes. (2 x 3) (6)

8.5 See grid below

| MARKS | 8.5 | DESCRIPTOR |
|---|---|---|
| 5 – 6 | Good | Candidate is able to answer clearly, directly and is able to explain in some detail how she or he would physically and vocally direct the scene (SOURCE A). Candidate chooses specific examples that create sympathy for his situation with the audience. |
| 3 – 4 | Average | Candidate EITHER has little grasp of the process of how she or he would physically and vocally direct the scene (SOURCE A). Candidate suggests but does not cite any examples that create sympathy for his situation with the audience. |
| 0 – 2 | Weak | Candidate tends to make a generalised statement attempting to explain how she or he would physically and vocally direct the scene (SOURCE A). Generally, statements that relate to the answer are more by chance rather than design. |

Examples of the above could be, but not limited to:

- Candidate explains that the performers would be given physical and vocal training so that they are able to use tools of modulation (such as rhythm, emphasis, pitch and tone), resonance, intonation, etc. at proper intervals to give good vocal production. This will assist the performer in conveying the best message, particularly when comparing and contrasting Johan's behavioral traits (SOURCE A) in comparison with the play as a whole.
- Candidate explains how he/she would train the actors to use their bodies as instruments, e.g.
  Smith would pace up and down to reflect a ‘seemingly agitated person' (6)

8.6 See grid below

| MARKS | 8.6 | DESCRIPTOR |
|---|---|---|
| 9 – 10 | Very good | Candidate is able to answer clearly, directly and is able to explain in detail how *Groundswell* is deemed a thriller, a social commentary and entertaining. Candidate chooses specific examples that reflect on conditions in South Africa today. |
| 6 – 8 | Good | Candidate is able to explain how *Groundswell* is deemed a thriller, a social commentary and entertaining. Candidate chooses examples that reflect on conditions in South Africa today. |
| 4 – 5 | Average | Candidate EITHER has little grasp of why *Groundswell* is deemed a thriller, a social commentary and entertaining. Candidate suggests but does not cite any examples that reflect on conditions in South Africa today. |
| 0 – 3 | Weak | Candidate tends to make a generalised statement attempting to explain how *Groundswell* is deemed a thriller, a social commentary and entertaining. Generally, statements that relate to the answer are more by chance rather than design. |

Candidate explains that *Groundswell* functions as a social commentator. Candidate explains how *Groundswell* is entertaining and reflects on conditions in South Africa e.g.
Smith finds it a 'social decay' that certain sectors of the community who were considered 'second class citizens' of the country of their birth, seem to be exposed to better living conditions than he is experiencing at the moment. Smith finds it difficult to adjust from a 'cushioned' lifestyle he enjoyed in the past to the seemingly 'difficult and desperate' times in the post-apartheid South Africa. (10)

**[30]**

## VRAAG 9: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS

9.1 9.1.1 Die siener is Tjokkie (1)

9.1.2 Tjokkie se visioen (die 'sien'-toneel) vorm die motoriese moment in die handeling en veroorsaak 'n skerper stygende spanningslyn.
Die visioen bestaan uit die saaiers in die blombedding, eende op die dam, ontmoeting by die hek.
Die visioen versnel en verwikkel die handeling omdat die ander karakters onseker is oor die egtheid van Tjokkie se sienery. Dit bring twyfel en verwarring mee omdat hulle nie weet of hulle moet glo wat Tjokkie gesien het nie. Karakters kom in konflik met mekaar of beleef innerlike konflik a.g.v. die visioen. (4)

9.2 9.2.1 Die kansellap lewer wrang kommentaar op Ma se ervaring van die liefde in kontras met *God is liefde* (die woorde wat daarop uitgeborduur is.)
Aan die einde word die kansellap in tragiese verband gebruik.
Die kansellap is nou bebloed in Ma se hande en dit wek die suggestie van geweld en lyding wat met Ma se idee van liefde geassosieer word. (3)

9.2.2 Die woorde van die muurteks, *"Wat is 'n huis sonder 'n Vader"* verkry simboliese betekenis, naamlik dié van 'vaderloosheid'. Twee van die sentrale probleme in die drama handel oor vaderskap: die kwessie of oorlede Pa gaan terugkeer, en die vaderskap van Tiemie se ongebore baba. (3)

9.3 9.3.1 Volgens Tiemie is daar twee groepe mense: diegene in die Suburbs, en diegene buite die Suburbs, anderkant die spoor – die 'dandies' by Tiemie se werk. Hierdie mense weet nie wat in die suburbs aangaan nie.
Die mense in die Suburbs se lewens bestaan uit 'dwarsklappe en kleintjies' en mans wat dronk by die huis aankom. In die suburbs word 'n vrou in 'n semi gestop vir die uitsluitlike doel om daar kinders te kry.
In die suburbs is daar sterk klasbewustheid.
Die subkultuur van die suburbs bestaan uit twee dele: dié waarin Tiemie, Ma, Giel, Tjokkie, Fé en Albertus beweeg en die onderste 'tang' wêreld van Sybil en Jakes.
Tiemie is die enigste karakter wat tussen die verskillende vlakke van die sosio-ekonomiese omgewing beweeg: sy werk by die 'dandies', woon in die suburbs, het 'n verhouding met die laagste soort suburb-bewoner, Jakes, die 'tang'.

| **Punte** | **9.3.1** | **Beskrywer** |
|---|---|---|
| 5 – 6 | Uitstekend | Kandidaat beantwoord die vraag direk en op 'n duidelike manier. 'n Volledige en gedetailleerde bespreking van die sosiale en ekonomiese klassestelsel van die karakters. |
| 3 – 4 | Gemiddeld | Kandidaat gee 'n beperkte bespreking van die sosiale en ekonomiese klassestelsel van die karakters. Daar is gapings in die antwoord wat kennis betref. |
| 0 – 2 | Swak | Kandidaat maak veralgemenings, maak nie duidelike verbinding met die sosiale en ekonomiese klassestelsel nie, maar maak 'n stelling of twee oor die karakters. |

(6)

9.3.2 Jakes is vasgevang in sy milieu.
Hy voel minderwaardig omdat hy ‘n ‘tang' en ‘n ‘low class bastard' is.
‘n ‘Klas' meisie soos Tiemie verkies die ‘dandies' by die werk bo hom, en hy begeer om ook ‘klas' te word. Dit wil hy regkry deur met ‘n meisie van stand te trou; daarom wil hy Tiemie as ma vir sy ‘laaitie' hê.
Deur haar wil hy ontsnap aan die stigma van ‘tang'-wees.
Jakes openbaar ‘n ruwe opstand en verset teen sy milieu en teen sy doellose bestaan. (5)

9.3.3 In die toneelstuk word ‘ongewenste swangerskappe' uitgebeeld deur die karakters van Tiemie en Ma.
Tiemie verwag moontlik Jakes se kind – sy is ‘oor haar tyd.'
Ma het ook ‘n ‘ongewenste swangerskap' gehad: Tiemie was Ma se buite-egtelike kind.
Tiemie se lewensloop begin om ‘n duidelike parallel met Ma s'n vorm: sy is "vasgeknip" aan "dié nes" a.g.v. haar swangerskap, presies soos Ma. (4)

9.3.4 Ja, *Siener in die Suburbs* spreek tot ‘n hedendaagse gehoor omdat hulle steeds kan identifiseer met die situasies en probleme wat deur karakters ervaar word: individue word met hul sosiale en ekonomiese probleme op ‘n dikwels pynlike wyse gekonfronteer. Die strewe na ‘n beter lewe, na ‘n uitweg uit hul ‘moeilikheid' is universeel. Die lewensloop van individue wat nie kan ontsnap van die noodlot nie, is nie tydgebonde nie. Dit bly steeds relevant.
*Die kandidaat se eie mening moet in aanmerking geneem word. Hy/Sy kan dus uit sy/haar persoonlike ervaring raakpunte noem waarmee hy/sy identifiseer.* (4)
**[30]**

## VRAAG 10: *MIS* DEUR REZA DE WET

10.1 10.1.1 Die gehoor word direk bekendgestel aan **Miem, Meisie** en **Gertie** en indirek aan **Gabriël** deur die mandjie wat op- en afgehys word, en geluide op die solder. (4)

10.1.2 Ons hoor van die probleem/vrees, van die ‘ding' wat gaan gebeur: omdat dit die laaste aand van Augustus is en daar die vorige twee jaar elke keer op hierdie aand ‘n meisie verdwyn het, is die atmosfeer gespanne. Wanneer Gertie ook opdaag word ons geleidelik ingelei in die geheime van die vrees.
In die eksposisie word die tema van **beswering van die bose** bekendgestel: Miem glo alles buite die huis is boos en onveilig. Sy en Gertie glo aan ‘n moordenaar wat gaan toeslaan. Ons leer dat die sirkus op die dorp is. In haar opinie is die sirkus deel van hierdie beswering, omdat dit iets is waarteen almal beskerm moet word. Haar siening van die sirkus is dat dit ‘n simbool is van boosheid en towerspel wat uit haar huis besweer moet word. (5)

10.1.3 Die aankoms van Konstabel. (1)

10.1.4 In hierdie drama is daar bittermin sprake van uiterlike konflik. Die aankoms van die Konstabel veroorsaak 'n skerp stygende spanningslyn in die drama wat die innerlike konflik binne die karakters self verhoog. Hierdie innerlike konflik bestaan uit die karakters se soeke na bevryding en hulle pogings om die bose te besweer. (2)

10.1.5 In die klimaks transformeer die konstabel tot 'n siende hofnar en onder sy betowering dans Meisie as 'n bevryde vrou by die agterdeur uit. Die konstabel, in die klere van 'n hofnar, volg haar. Konstabel bevry Meisie in die slottoneel van die drama. Die tema van beswering/bevryding word voltooi in die slot van die toneelstuk wanneer dít wat gesien is as iets wat besweer moet word, juis vir Meisie bevryding bring. (3)

10.2 10.2.1 **Vier** punte vir die sosiale en ekonomiese agtergrond, en **twee** punte vir die rede waarom dit veroorsaak het dat Gabriël na die solder toe is.

Enige VIER van die volgende aspekte:
Die drama speel af teen die agtergrond van die **Groot Depressie** (1929-1933). Op 'Swart Donderdag', 25 Oktober 1929, het die New Yorkse aandelebeurs in Wallstraat in duie gestort. Die ekonomiese ineenstorting het dwarsoor die wêreld weerklank gevind en dit was die begin van die Groot Depressie.
Toe die Depressie in 1929 werklikheid word, het die pryse van landbouprodukte in duie gestort. Baie boere het in die verlede, toe dit goed gegaan het, hul plase oorgekapitaliseer. Groot verbande is op plase uitgeneem. Toe die pryse van produkte in die Depressie in duie stort, is die landboubedryf die swaarste getref. Wol, wat een van die land se grootste uitvoerprodukte was, het feitlik waardeloos geword. Ander landbouprodukte het gevolg.

SA is ook deur een van die **grootste droogtes** geteister. Boere het **bankrot** gespeel toe die banke die verbande begin opeis het. Die boere het geen heenkome gehad nie en het **na stede begin trek** op soek na werk, maar daar was nie werk nie. Die industrieë is net so swaar getref. Die **werkloosheidsyfer** het die hoogte ingeskiet. Mense het na myne begin trek in die hoop om werk te kry, en die werk ondergronds het **gesondheidsrisiko's** ingehou. Die **'armblankevraagstuk'** het begin.

Dit is teen hierdie agtergrond wat ons na *Mis* kyk. Tyd speel 'n uiters belangrike rol in die drama. Ons sien dat dit in die Depressiejare afspeel toe die Afrikaner groot armoede beleef het. In *Mis* hoor ons dat Miem vertel hoe hulle **hul plaas verloor het** en nou 'n sukkelbestaan op die kleinhoewe moet voer. Sy en Meisie werk goiingsakke aanmekaar wat hulle vol mis maak en dan aan die boere verkoop.

TWEE punte vir die rede waarom Gabriël na die solder toe is:

Dit is as gevolg van die armoede van die Depressie dat Gabriël op na die solder toe is en steeds daar sit. Hy kon nie die finansiële terugslag hanteer nie en het ontsnap na die solder. Dit is sy manier van bevryding/ontvlugting. Hy is nie bevoeg om die realiteit te sien nie.

| **Punte** | **10.2.1** | **Beskrywer** |
|---|---|---|
| 5-6 | Uitstekend | Kandidaat het 'n uitstekende begrip van die sosiale en ekonomiese agtergrond van die drama. Die antwoord is logies en duidelik. Die kandidaat verbind die karakter van Gabriël met die vraag. |
| 3-4 | Gemiddeld | Kandidaat het 'n goeie begrip van die sosiale en ekonomiese agtergrond van die drama. Vir 3 punte is die antwoord baie eenvoudig en simplisties met min toepaslike inligting en geen verbintenis met die karakter van Gabriël nie. Daar is gapings in die antwoord wat kennis betref. |
| 0-2 | Swak | Kandidaat maak veralgemenings. Daar word op 'n vae manier na die vraag verwys. Die verbintenis met die drama is per ongeluk en nie bewustelik beplan nie. |

(6)

10.2.2 Die verwysing na blindheid sluit aan by die **titel van die drama** omdat dit dui op **Mistigheid**. Mistigheid is iets wat verhoed dat jy duidelik kan sien. Dit is simbolies van Miem en Gertie se onvermoë om die werklikheid te sien en dus blind is daarvoor. Hulle leef in hul eie eng wêreldjie waarin alles vir hulle 'n bedreiging inhou en as hulle iets nie verstaan nie (soos die verdwyning van die meisies), heg hulle vinnig hul eie interpretasie daaraan. Hulle staar hulle blind teen die feite/realiteite soos een wat deur 'n mistigheid na iets kyk.

Die **konstabel** is fisies blind. Hy is 'n geheimsinnige figuur. Die feit dat hy 'n blinde polisieman is, bring 'n vreemde, magiese element in die drama. Hy is deel van die onverstaanbare mistieke/geheimsinnige en die irrasionele (nie-verstandelike) donkerwêreld. Wanneer hy die metamorfose as 'n nar ondergaan, word hy siende. Omdat hy innerlike verandering/omkering bring, verteenwoordig hy verligtheid tussen somber mense met hul eng vrese en gelowe. Hy dring deur tot die karakters se donkerwêreld en bring lig daarin vir Meisie.

**Miem** se bysiendheid (kan nie die garing deur die naald se oog kry nie) is simbool van haar geestelike blindheid. Dit verwys na haar onvermoë om die waarheid in te sien, om te sien wat om haar aangaan – hoe sy Meisie versmoor en onderdruk. Sy praat van die ander dogters op die dorp wat weggeraak het en hul ouers se foute, maar sy is te 'blind' om in te sien dat sy dieselfde foute maak. Sy vertrou die konstabel ook blindweg.

| PUNTE | 10.2.2 | BESKRYWER |
|---|---|---|
| 8 – 9 | Uitstekend | Kandidaat toon uitstekende begrip van hoe verwysings na blindheid bydra tot die dramatiese spanning. Antwoord is gefokus, kandidaat ken en verstaan alle aspekte van blindheid wat in die titel en die karakters ingebou is. Antwoord is goed gestruktureerd en toon insig en kreatiwiteit, gemotiveer deur voorbeelde uit die teks. |
| 6 – 7 | Goed | Kandidaat toon ‘n goeie begrip van hoe verwysings na blindheid bydra tot die dramatiese spanning. Die blindheid word bespreek, maar nie baie noukeurig vir die titel en die onderskeie karakters nie. Kandidaat toon wel begrip en verwys na ‘n paar voorbeelde uit die teks. |
| 3 – 4 | Elementêr | Kandidaat se bespreking is beperk, die fokus is op die karakters eerder as die konsep van blindheid. Daar word wel ‘n paar basiese aspekte bespreek, maar kernidees kom kort. |
| 0 – 2 | Swak | Min of geen poging om die vraag te beantwoord nie. Kandidaat verstaan nie die vraag nie. |

(3 x 3) (9)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**

## AFDELING C: TOEPASSING VAN PERSOONLIKE HULPBRONNE EN BESIN EN EVALUEER

**AFDELING C IS VERPLIGTEND.**

### VRAAG 11

11.1 Hulle funksioneer as vertellers/storievertellers of hulle verskaf atmosfeer; lewer kommentaar op die handeling van die toneelstuk. (1)

11.2 Die woorde in kursief is ‘n tradisionele Afrika-taal (isiZulu en isiXhosa). Hierdie woorde gee plaaslike kleur aan die opvoering en herinner die gehoor daaraan dat die jong seuns in ‘n Afrika taal sal praat en dat Engels ‘n instrument is sodat die toneelstuk opgevoer kan word voor ‘n wyer groep mense. (2)

11.3 Krotch: Reëls 14-16 "Toe ek wakker word het ek net die taxi om en om in die rondte sien gaan, ek weet nie wat gebeur het nie, toe word ek wakker in die hospitaal. En dit alles omdat die bestuurder vas aan die slaap was."

Die kandidaat se antwoord kan verskil van wat hieronder as voorbeeld voorgestel word, maar dit moet logies sin maak. Hou die puntetoekenning as ‘n holistiese eenheid, nie 2 per spraakkonsep nie.

Alhoewel die akteur ons vertel wat in die verlede gebeur het, dra hy die gevoel van die ervaring oor in die woorde wat hy sê. Die akteur sal begin om hard en vinnig te praat omdat hy baie bang was en ‘n gevoel van dringendheid aan die gehoor wil oordra. Sy stemtoon sal verskrik, bang, geskok wees. Die tweede sin is sagter en word stadiger gesê omdat hy in ‘n bed in ‘n vreemde plek is en moontlik nie geweet het waar hy is nie. Sy stemtoon is verward, verras, moontlik selfs verlig omdat hy leef. (6)

11.4 Reël 17 "Nee, die bestuurder was nie vas aan die slaap nie, die bestuurder was dronk." Klem op een van die volgende: Nee, bestuurder, vas, slaap, bestuurder, dronk. Een punt vir die woord. Twee punte vir die verduideliking. Kandidaat moet duidelik staaf. Bv. Nee – Steve toon ‘n sterk reaksie op Krotch se stelling. Steve is seker dat die bestuurder nie geslaap het nie, maar dronk was en sê hard en ferm nee. (3)

11.5 Steve spreek die gehoor direk aan (een punt). Hierdie toneelstuk is nie realisties nie en die seuns vertel hulle storie om die toon van die res van die toneelstuk aan te gee. In die vroeër deel van die toneel praat die seuns meestal oor wat gebeur het en dit lig die gehoor in. Steve gebruik nie op hierdie oomblik die woord ‘jy' nie, maar ‘hom'. (Die ‘hoekom' van die vraag = een punt) (3)

**[15]**

**VRAAG 12**

12.1 Wit klei is gepas omdat baie swart gemeenskappe klei gebruik as deel van tradisionele seremonies. Dit is ook gepas omdat Westerse teater wit grimering gebruik as deel van die nar ('clowning') tradisie. Dit verhoog die teatrale showbiz-effekte van die opvoering. (3)

12.2 Die akteurs herinner ons aan vrouefigure uit die pantomimetradisie. Groot gebare – verwyfd en oordrewe, hoë stemtone. Hulle doen nie 'n egte voorstelling van vrouens nie, maar oordrewe bespottings van vroue. Hulle kan die kalbasse gebruik op maniere wat wys dat hulle vrouens is en 'mince' soos hulle stap. Die rompe wys hulle is vrouens. Enige vier kort punte of twee in detail, maar 'n maksimum van twee punte vir kostuum alleen. (4)

12.3 Kandidaat moet die opleiding verduidelik wat hulle sal help om in 'n Brett Bailey produksie op te tree soos getoon en beskryf in die twee bronne. Die werk wat in Dramatiese Kunste gedoen is kan die volgende insluit: narrespel ("clowning"), komedie werk, fisieke teater, mimiek, inheemse opvoerings, gewilde ("popular") opvoerings en basiese teaterwerk.

| **PUNTE** | **12.3** | **BESKRYWER** |
|---|---|---|
| 6 – 8 | Baie goed | Kandidaat het 'n duidelike, sterk argument en gebruik inligting uit die bronne, gestaaf deur voorbeelde vanuit sy/haar eie ervaring van Dramatiese Kunste. |
| 4 – 5 | Gemiddeld | Kandidaat het opleiding bespreek en verbind die bronne op die nodige vlak, maar antwoord nie in detail nie en dek nie die verskeidenheid van werk wat in Dramatiese Kunste gedoen is nie. Fokus neig om òf op die bronne, òf op die ervaring van Dramatiese Kunste te wees. |
| 0 – 3 | Swak | Kandidaat maak een of twee stellings wat verwant is aan die bronne of aan die werk wat in Dramatiese Kunste gedoen is, maar het nie die vermoë om eie ervaring met die bronne te verbind nie. |

(8)

12.4 12.4.1 Improvisasie is opvoering wat by die akteur eerder as die dramaturg begin. Dikwels is dit onmiddelike opvoering wat deur 'n ervare, kreatiewe akteur geskep word. Soms word dit gerepeteer tot voorbereide/voorgeskrewe improvisasie. (2)

12.4.2 Kandidate kan van enige metode om 'n karakter vir optrede voor te berei en te repeteer gebruik maak wat hulle bestudeer het. (Gebruik die matriks wat voorsien word as 'n gids by die nasienproses.)

| PUNTE | 12.4.2 | BESKRYWER |
|---|---|---|
| 5 – 6 | Goed | Kandidaat maak gebruik van 'n duidelike, gedetailleerde proses om voorbereiding van 'n karakter te bespreek. Is in staat om die proses te regverdig. Toon begrip (in verhouding met karakter) van styl & genre, geskiedenis (indien nodig) en motivering van karakter, sy/haar funksie (rol) in die toneelstuk. Kandidaat moet verwys na voorbereiding en optrede. |
| 3 – 4 | Gemiddeld | Kandidaat begryp die proses om 'n karakter te skep en is in staat om dit oor te dra in gedeeltelike detail in enige van die volgende areas: begrip (in verhouding met karakter) van styl & genre, geskiedenis (indien nodig) en motivering van karakter, sy/haar funksie (rol) in die toneelstuk. |
| 0 – 2 | Swak | Kandidaat gee 'n verduideliking van 'n paar punte oor hoe om karakter te skep, maar dit is in die algemeen nie verwant aan enige duidelike proses of produk nie. |

(6)

12.4.3 Gemaskeerd (geblokkeerd) beteken dat akteurs voor mekaar staan en verhoed dat die gehoor die reaksies en optrede van sommige akteurs kan sien. (2)

12.4.4 Aanvaar logiese antwoorde. Drie eenvoudige punte, twee met 'n bietjie meer detail of selfs een wat regtig goed verduidelik is. Bv. 'n Akteur staan in verhouding met die ander akteurs op die verhoog en in verhouding met die verhoogruimte self. Die groep akteurs moet seker maak dat hulle nie in 'n bondel in een hoek of in die middel van die verhoog staan nie. Die hele ruimte moet gebruik word as 'n manier om verhoudings tussen karakters uit te beeld. Akteurs behoort nie baie na aan mekaar te staan nie, tensy die handeling daarvoor vra. Enige rekwisiete of meubels behoort só geplaas te word dat dit die akteurs aanmoedig om die hele verhoogruimte te gebruik. (3)

12.4.5 Slegs een groep behoort op 'n slag in 'n toepaslike posisie te vries. Die tweede groep behoort te praat en op te tree en wanneer hierdie groep vries, behoort die eerste groep "lewendig" te word en te begin praat. Dit behoort gerepeteer te word om glad te verloop. (2)

**[30]**

## VRAAG 13

Kies enige EEN van die volgende drie vrae.

### 13.1 LEWENDIGE OPVOERING (KEUSEVRAAG)

| PUNTE | 13.1 | BESKRYWER |
|---|---|---|
| 12 – 15 | Uitstekend | Dit is duidelik dat die kandidaat die aanhaling verstaan en kan argumenteer beide vir of teen Ellenbogen se stelling. Hy/sy gebruik voorbeelde van toneelstukke wat hy/sy gesien het, tekste wat bestudeer is of eie ervaring om argument te ondersteun. Die kandidaat kan selfs teaterpraktisyns se filosofieë oor die rol van teater gebruik om die argument te ondersteun, alhoewel dit nie essensieël is nie. Die kandidaat is in staat om **‘n argument te bou** deur die aanhaling te bespreek en gebruik konkrete, spesifieke voorbeelde van teater wat vermaak, asook teater wat denke en aksie oproep. |
| 9 – 11 | Goed | Die kandidaat behoort die vermaakwaarde van teater asook die vermoë daarvan om denke en aksie op te roep te kan bespreek, MAAR as een aspek baie goed bespreek is kan die kandidaat in hierdie kategorie val. Die antwoord moet duidelike, spesifieke verwysings van die volgende bevat: toneelstukke wat hy/sy gesien het, tekste wat bestudeer is of eie ervaring. Daar moet ‘n bespreking van die aanhaling wees. |
| 6 – 8 | Gemiddeld | Die kandidaat het oor die algemeen ‘n sterk gevoel dat teater òf vermaak òf denke en aksie oproep. Hy/sy moet verwys na een van die volgende: toneelstukke wat hy/sy gesien het, tekste wat bestudeer is of eie ervaring. Daar kan dalk nie ‘n direkte bespreking van die aanhaling wees nie. |
| 4 – 5 | Elementêr | Die kandidaat maak oor die algemeen stellings dat teater òf vermaak òf denke en aksie oproep. Hy/sy verwys na een van die volgende: toneelstukke wat hy/sy gesien het, tekste wat bestudeer is of eie ervaring. Is geneig om eerder op eie opinie te fokus as enige bespreking. Die kandidaat herhaal hom/haarself dikwels en gebruik dikwels ‘Ek dink…' Dit is onwaarskynlik dat daar ‘n direkte bespreking van die aanhaling sal wees. |
| 0 – 3 | Swak | Die kandidaat maak eenvoudige stellings wat verwant is aan òf die vermaaksaspek van teater òf dat dit ‘ernstig' is. Dit is onwaarskynlik dat hy/sy sal verwys na een van die volgende: toneelstukke wat hy/sy gesien het, tekste wat bestudeer is of eie ervaring. Geen bespreking van die aanhaling of idees. |

**[15]**

**OF**

13.2 **MEDIASTUDIE (KEUSEVRAAG)**

| **PUNTE** | **13.2** | **BESKRYWER** |
|---|---|---|
| 12 – 15 | Uitstekend | Dit is duidelik dat die kandidaat die aanhaling verstaan en kan argumenteer beide vir of teen Reddy se stelling. Hy/sy gebruik voorbeelde van sepies wat hy/sy gesien het en Video/filmteorie wat bestudeer is. Die formuliese natuur van die sepie moet bespreek word. Die kandidaat mag filosofie oor die rol van televisie gebruik om argument te ondersteun, maar dit is nie essensieël nie. Die kandidaat is in staat om **'n argument te bou** deur die aanhaling te bespreek en gebruik konkrete, spesifieke voorbeelde van sepies wat vermaak, en regverdig die bestaan daarvan binne 'n 'artistieke' raamwerk. |
| 9 – 11 | Goed | Die kandidaat behoort op 'n duidelike wyse die vermaakwaarde van sepies asook die funksie daarvan binne die samelewing te kan bespreek. Die antwoord moet voorbeelde insluit van sepies wat hy/sy gesien het insluit asook video/filmteorie wat bestudeer is. Die antwoord moet duidelike, spesifieke verwysing na die formuliese aard van sepies insluit. Daar moet bespreking van die aanhaling wees. |
| 6 – 8 | Gemiddeld | Die kandidaat behoort die vermaakwaarde van sepies en die funksie daarvan binne die samelewing te kan bespreek. Die antwoord moet voorbeelde van sepies insluit wat hy/sy gesien het asook video/filmteorie wat bestudeer is. Daar mag dalk nie 'n direkte bespreking van die aanhaling wees nie. |
| 4 – 5 | Elementêr | Die kandidaat stel oor die algemeen voor dat sepies vermaaklik is. Hy/sy verwys na voorbeelde van sepies wat hy/sy gesien het en mag verwys na video/film wat bestudeer is. Geneig om op eie opinie te fokus eerder as enige bespreking. Die kandidaat gebruik dikwels herhaling en gebruik dikwels 'Ek dink…' Dit is onwaarskynlik dat daar 'n direkte bespreking van die aanhaling sal wees. |
| 0 – 3 | Swak | Die kandidaat maak eenvoudige stellings wat verwant is aan sepies. Dikwels 'n bespreking van 'n sepie wat die vraag toevallig beantwoord. Geen bespreking van die aanhaling of idees nie. |

**[15]**

**OF**

13.3 **KULTURELE OPVOERING EN RITUEEL (KEUSEVRAAG)**

| PUNTE | 13.3 | BESKRYWER |
|---|---|---|
| 12 – 15 | Uitstekend | Dit is duidelik dat die kandidaat die aanhaling verstaan en kan argumenteer beide vir of teen die aanhaling. Hy/sy gebruik voorbeelde van kulturele opvoerings en rituele wat hy/sy gesien het, of eie ervaring. Die kandidaat mag selfs inheemse teaterpraktisyns se filosofieë oor die rol van inheemse teater gebruik om argument te ondersteun, alhoewel dit nie essensieël is nie. Die kandidaat is in staat om **'n argument te bou** deur die aanhaling te bespreek en gebruik konkrete, spesifieke voorbeelde van inheemse teater wat opvoedkundig is, en wat 'n vermaakswaarde het. |
| 9 – 11 | Goed | Die kandidaat behoort in staat te wees om die spirituele en opvoedkundige waarde van teater en sy vermoë om denke en aksie op te roep, te kan bespreek MAAR as een aspek baie goed bespreek is kan die kandidaat in hierdie kategorie val. Die antwoord moet duidelike, spesifieke verwysing na die volgende insluit: kulturele opvoerings/rituele/ toneelstukke wat hy/sy gesien het, of eie ervaring. Daar moet bespreking van die aanhaling wees. |
| 6 – 8 | Gemiddeld | Die kandidaat het oor die algemeen 'n sterk gevoel oor òf inheemse teater opvoedkundig is, òf spirituele waarde het òf denke en aksie oproep. Hy/sy moet verwys na een van die volgende: kulturele opvoerings/rituele/toneelstukke wat hy/sy gesien het, of eie ervaring. Daar mag dalk nie direkte bespreking van die aanhaling voorkom nie. |
| 4 – 5 | Elementêr | Die kandidaat stel oor die algemeen voor dat òf inheemse teater vermaak of opvoedkundig is, òf dat dit spirituele waarde het òf denke en aksie oproep. Hy/sy verwys na een van die volgende: toneelstukke wat hy/sy gesien het, of eie ervaring. Is geneig om te fokus op eie opinie eerder as enige bespreking. Die kandidaat is dikwels herhalend en gebruik gereeld 'Ek dink…' Dit is onwaarskynlik dat daar 'n direkte bespreking van die aanhaling sal wees. |
| 0 – 3 | Swak | Die kandidaat maak eenvoudige stellings wat verwant is aan òf die vermaaks-, opvoedkundige en spirituele aspekte van inheemse teater òf dat dit 'ernstig' is. Dit is onwaarskynlik dat hy/sy sal verwys na een van die volgende: toneelstukke wat hy/sy gesien het, of eie ervaring. Geen bespreking van die aanhaling of idees nie. |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 60**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou